# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

**TENDER 8/3/21- 2017: GROEPLEWENSVERSEKERINGSKEMA**

**TENDERS** word hiermee aangevra vanaf geakkrediteerde diensverskaffers ingevolge die Nasionale Kredietwet, 2004 (Wet 34 van 2005) vir die onderskrywing van die Raad se Groeplewensversekeringskema vir ‘n tydperk van drie jaar vanaf **1 Julie 2017 - 30 Junie 2020**.

Volledig voltooide tenders in verseëlde koeverte duidelik gemerk ***“TENDER8/3/21-2017: GROEPLEWENSVERSEKERINGSKEMA”*** moet in die tenderbus geplaas word om die ondergetekende te bereik voor **12:00 op Maandag 19 Junie 2017** by die Munisipale Kantore, Kerkstraat 13, Piketberg, waarna tenders in die openbaar oopgemaak sal word.

Tenders sal geëvalueer word aan die hand van die Raad se Voorsieningskanaalbestuursbeleid Die 80/20 punte formule en funksionaliteit soos uiteengesit in die Verkrygingsregulasies van 2017 sal gebruik word om die tender te oorweeg.

Tenders moet vir ‘n tydperk van sestig (60) dae geldig en bindend wees na die sluitingsdatum.

Genoemde tenderdokumente en -spesifikasies wat die minimum vereistes bevat is op aanvraag beskikbaar by Me Marina van Zyl of Me Elorese Scholtz gedurende gewone kantoorure by Tel. No. (022) 913 6000. Tegniese navrae kan gerig word aan Me A G Louw by tel. no. (022) 913 6000.

‘n Geldige en oorspronklike belastingklaringsertifikaat uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) moet saam met die tender ingedien word.

Tenderaars moet ook verseker dat hulle op die Sentrale Verskaffers Databasis (CSD) & Bergrivier Munisipaliteit se databasis as ’n diens verskaffer geregistreer is, met korekte inligting.

Laat, onvolledige of tenders per faksimilee sal nie aanvaar word nie. Bewys van versending van ‘n tender sal nie as bewys van ontvangs daarvan erken word nie. Die Munisipaliteit is nie verplig om die laagste of enige tender te aanvaar nie.Die Munisipaliteit behou die reg voor om die tender in geheel of gedeeltelik te aanvaar.

**ADV HANLIE LINDE**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

**Munisipale Kantore**
**Kerkstraat 13**
**PIKETBERG**
**7320**

**MK74/2017**
**19 MEI 2017**